Absa Kolligfees 1 tot 4 September 2011 te Port Natal Skool

Kom beleef die gewilde Absa Kolligfees wat van die beste Absa KKNK-produksies na die voorstoep van Durban en omliggende gebiede bring. Hierdie is ongetwyfeld een van die opwindendste kunstefeeste in KwaZulu-Natal. Die tema vir 2011 is *Afrikaans en "All"*

Vir die sestiende agtereenvolgende jaar gaan die feestelike geleentheid, wat van 1 tot 4 September aangebied word, hope gesinsvermaak bied. Die fees bied drama, komedie, musiekvertonings, kunsuitstallings, handwerk, kosstalletjies en vermaak vir almal.

Die Absa Kolligfees streef daarna om alle gemeenskappe en kulture in te sluit asook oud en jonk bymekaar te bring op 'n platform wat bevorderlik is vir die waardering van die kunste.

Vanjaar se dramaprogram bestaan uit van die top Absa KKNK-produksies soos: My naam is Ellen Pakkies (met Vinette Ebrahim en Christo Davids), Rooikaart (met Frank Opperman), Howzit my Bra! (met Shimmy Isaacs) en Liewe Heksie en die wals (met Margit Meyer-Rödenbeck en Deon van Zyl). As deel van die ontwikkeling van kunste op skoolvlak, bied 'n buurskool, Kingsway Hoërskool, hul bekroonde "Mum a Mia" tydens die fees aan.

Musiekproduksies vir 2011 sluit in kunstenaars soos Bobby van Jaarsveld, Emo Adams, MoniQue, Karin K, Blarney Brothers, Unison, Arri Opperman, Mari Minnaar en Touch of Class. Die "Fender Guitar Heroes" bied komposisies aan wat op die bekende Fender kitaar geskep is. Die volledige program is op die webwerf www.kolligfees.co.za beskikbaar.

Die immer gewilde Absa/Pinotage Kos- en Wynkonsert word weer vanjaar aangebied deur Beyers Truter, wêreldwyd bekend as die Pinotage-koning met sy passie vir rooiwyn. Die konsert bestaan uit „n wynproe met verversings, kuier, kos, wyn en musiek. Dozi is vanjaar deel van die span en sal sorg vir vermaak uit die boonste rakke.

'n Nuwe "Kollig" op vanjaar se program is 'n Whisky- en sjokoladeproesessie! Maak jou gereed vir 'n outentieke toer deur die Skotse en Ierse whisky-landskappe. Proe sal daar geproe word!

Verskeie boekuitstallings tydens die fees bied ook 'n leeslus om aan elkeen se smaak te voldoen.

Ons jeug is belangrik vir die bevordering van kuns- en kultuur en om die jongelinge besig the hou, word daar „n groot opblaaspark verskaf waar hulle ure se pret onder veilige toesig kan geniet. Pa en ma, daardie meganiese bul wag vir julle!

Die fees word vanjaar moontlik gemaak deur Absa, die Stadsraad van Durban (Celebrate Durban), die

Departement van Kuns en Kultuur van KwaZulu-Natal, East Coast Productions, die Fever Koerantgroep (deel van Media 24), Devtech Civils, Reho Kommunikasie en die ATKV. Die Port Natal Skool bied die feesterrein gratis aan en ondersteun daardeur kuns- en kultuurontwikkeling.
Die Absa Kolligfees besef die belangrikheid van plaaslike gemeenskapsontwikkeling. Bobbi Bear en die "Natal Settlers Home" is geïdentifiseer as 2 van die nie-winsgewende organisasies wat voordeel trek uit die opbrengs van die 2011-fees.
Daar is Afrikaans in ons almal. Kom beleef joune tydens die 2011 Absa Kolligfees in Durban.
Groete

Roberto Cameron – Absa Kolligfees Voorsitter
Tel : 082 783 6024
Faks : 086 615 0468
E-pos : admin@kolligfees.co.za
www.kolligfees.co.za